# NUUSBRIEF / NEWS LETTER
# JULIE / JULY 2026

| Finansies | Finances |
|---|---|
| Skoolgeld beloop R1 350 per maand vir 11 maande betaalbaar vanaf Januarie tot November 2026. Slegte skulde (uitstaande gelde) is op 31 Desember 2025 aan die Invorderaars oorhandig. Ongelukkig veroorsaak dit ekstra kostes vir die ouers. | School fees amount to R1 350 per month for 11 months payable from January to November 2026. Bad debts (outstanding fees) were handed over to the Collectors on 31 December 2025. Please avoid this extra costs. |
| Busgeld beloop R2 250 per kwartaal of R750 per maand. Die skool kan nie langer verliese op busvervoer bekostig nie en sal streng optree indien wanbetaling plaasvind. Die skool ontvang geen subsudie vanaf die Onderwysdepartement t.o.v die vervoer van leerders nie. | Bus fees amount to R2 250 per term or R750 per month. The school cannot afford losses on transport any longer. Strict action will be taken against parents who do not pay bus fare. The school does not receive any subsidy from the Department of Education for transport of learners. |
| Aansoeke om verligting van skoolgeld sluit op Vrydag 27 Februarie 2026. | Applications for relief of school fees closes on Friday 27 February 2026. |
| Die skool is vanaf 2026 kontantvry. Ons versoek ouers om asseblief gebruik te maak van elektroniese bankdienste. | As from 2026 the school is adopting a cashless system. We urge parents to make electronic payments. |
| Ons ontvang steeds betalings sonder verwysings. Indien die naam en van nie as verwysing aangedui word nie, kan die gelde nie reg geallokeer word nie. | We still receive payments without a reference. If we receive such payments it is not possible to allocate it to the correct account. |
| Dui ook aan waarvoor u die betaling maak, bv. s/f of b/f. | Also indicate what payments are made for like for example s/f or b/f. |
| Bankbesonderhede as volg:<br>ABSA<br>470420049<br>632005 | Bank details as follows:<br>ABSA<br>470420049<br>632005 |
| Ons wil elke ouer wat getrou skoolgeld en busgeld betaal, hartlik bedank | We would like to thank every parent who faithfully pay school and bus fees. |

| | |
|---|---|
| **Siek Leerders**<br><br>Ons doen `n beroep op ouers dat indien u kind siek is,om hul asseblief by die huis te hou.<br><br>**BAIE BELANGRIK**<br><br>**GEEN medikasie word by skool aan leerders verskaf nie.**<br><br>**GEEN leerder** mag ouer direk kontak om hom/haar by die skool te kom haal tydens skoolure nie.<br><br>Dit moet asseblief deur proses gaan deur die kantoor.<br><br>Leerders se veiligheid is prioriteit en die skool moet weet as leerder skoolgronde verlaat gedurende skoolure. | **Sick Learners**<br><br>We appeal to parents that if your child is sick to please keep them at home.<br><br>**VERY IMPORTANT**<br><br>**NO medication is available at school for learners.**<br><br>**NO learner** may contact parents directly to fetch them from school during school hours.<br><br>There is a process that must be followed through the school office.<br><br>Learners safety is our first priority and the school must be informed if a learner has to leave school during school hours. |
| **Leerder Afwesighede**<br><br>Leerders wat die dag afwesig van skool is, het nogsteeds `n **VERANTWOORDELIKHEID** om die dag se **huiswerk en klaswerk** uit te vind en op te vang. Elke klas en vakgebied het Whatsapp groepe waar leerder inligting kan bekom. Ons vra asseblief vir ouers/voogde en leerders om **VERANTWOORDELIKHEID** te vat en onderwysers te ondersteun. | **Absent Learners**<br><br>Learners that are absent from school have a RESPONSIBILITY to find out and catch up on the days homework and class work. Each class and subject have Whatsapp groups where information can be retrieved. We ask parents/guardians and learners to take RESPONSIBILITY and please support the teachers . |
| **Ekstra Klasse / Eksamenvraestelle In Die Middag**<br><br>Leerders is verantwoordelik om EIE vervoer te reël indien ekstra klasse smiddae aangebied word of waar eksamen vraestelle in die middae na skool afgelê word. | **Extra Classes / Exam Papers In The Afternoon**<br><br>Learners are responsible for organising OWN transport where extra classes and exam papers are written in the afternoons after school. |

# BUSREËLS & VOORWAARDES

**Die skool behou die reg om enige leerder wat ondergenoemde reëls oortree, se busvervoer summier op te skort.**

1. Geen musiek, dans en/of geskree word op die bus toegelaat nie.
2. Geen papiere of items mag by die bus se venster uitgegooi word nie.
3. Die busgeld is verpligtend en betaalbaar voor die 7de van elke maand.
4. Busgeld word steeds betaal al is dit skoolvakansie, behalwe Desembermaand.
5. Leerders word slegs by hul aangeduide stop op -en afgelaai. Geen leerder word langs die roete afgelaai nie.
6. Leerders moet ten alle tye die skool se beleidsmaatreëls nakom. (Bv. netheid en skooldrag)
7. Geen vuiltaal sal op die bus toegelaat word nie.

**<u>Busreëls is in plek om die volgende redes:</u>**

- Die busbestuurder het 'n groot verantwoordelikheid om leerders veilig te vervoer. Dit word bemoeilik wanneer leerders op die bus sing, dans en skree.
- Deur rommel en voorwerpe by die bus se venters uit te gooi, stuur 'n baie negatiewe beeld van ons skool na buite.
- Dit is belangrik dat ouers betyds betaal sodat die skool sy verskaffers kan betaal. Hoërskool Bloemfontein se busgeld is steeds die goedkoopste in die stad, die skool maak geen wins deur vervoer aan te bied nie.
- Vir die veiligheid van ons leerders, asook vir die busbestuurders, word leerders op geen ander plek langs die roete op en- afgelaai nie. Slegs by hul aangewysde stop.

# BUS RULES & TERMS

**The school reserves the right to suspend the bus transport of any learner who violates the rules mentioned below:**

1. No music, dancing, and/or shouting will be allowed on the bus.
2. No papers or any items must be thrown out of the bus windows.
3. The bus fee is compulsory and payable before the 7th of every month.
4. Bus fees are still paid even if it is a school holiday, except in December.
5. Learners will not be allowed to get on or off the bus except at their designated stops.
6. Learners must always adhere to the school's code of conduct. (Example. Neatness and uniform)
7. No foul language will be allowed on the bus.

**<u>Bus rules are in place for the following reasons:</u>**

- The bus driver has a great responsibility to transport learners safely. It becomes difficult if learners sing, dance, and shout on the bus.
- Throwing rubbish and objects out of the bus sends a very negative image of our school to the public.
- It is important that parents pay on time for the school to pay its suppliers. Bloemfontein High School's bus fees are still the cheapest in town. The school makes no profit by offering you transportation.
- For the safety of our learners, as well as for the bus drivers, learners will not be picked up or dropped off along the route. Only at their designated stops.

## Dissipline

Die misbruik van sosiale media en selfoongroepe is 'n groot krisis onder ons leerders. Leerders reageer negatief op boodskappe en dit ontlok baie emosies. Baie van die geskinder gebeur in die aand en oor naweke en dit spoel oor na die skool. Boeliegdrag sal nie by die skool geduld word nie. Ouers moet hulleself vergewis wat op die leerders se selfone aangaan.

Daar is ook heelwat gevalle van bakleiery by die skool. Let asseblief daarop dat leerders onmiddellik geskors word indien hulle baklei. Dit geld ook indien die leerder terugslaan. Dit is belangrik dat ouers met leerders kommunikeer dat geweld nie die oplossing vir geskille is nie. Leerders moet asseblief na die kantoor kom en dit aanmeld as hulle bewus is daarvan dat daar 'n geveg gaan uitbreek.

Let asseblief daarop dat Maandae, Woensdae en Vrydae akademiese drag is en dat sweetpakke en sporklere van die skool slegs op Dinsdae en Donderdae gedra mag word. Indien daar regtig 'n krisis is kan u die skool kontak.

Die gedragskode van die skool is baie duidelik oor die hare van seuns en dogters. Leerders moeet asseblief by hierdie reëls hou. Dit is slegs die beheerliggaam wat kan toestemming gee dat 'n leerder hiervan mag afwyk en dit sal ook in oorleg met die ouers en kerkleiers gedoen word.

Baie van ons seuns loop met hoede en oorbelle in die straat nadat hulle van die skool af kom. Dit doen die beeld van die skool skade. Ons wil graag hê dat elke Bloemie trots is op ons mooi skool en skooluniform.

Ons vra ook dat ouers ons asseblief sal inlig indien daar enige gedragsveranderinge by leerders bespeur word. Dit is belangrik om op te volg en

## Discipline

The abuse of social media and cellphone groups is a major crisis among our learners. Learners respond negatively to messages, and it evokes a lot of emotions. Much of the gossip happens in the evenings and over the weekends, and it spills over into the school. Bullying behavior will not be tolerated at school. Parents must make themselves aware of what is happening on the learners' cell phones.

There are also quite a few cases of fighting at the school. Please note that students will be suspended immediately if they fight. This also applies if the student retaliates. It is important for parents to communicate with learners that violence is not the solution to conflicts. Students are kindly requested to come to the office and report if they are aware that a fight is about to break out.

Please note that Mondays, Wednesdays, and Fridays are academic dress days, and that tracksuits and sportswear from the school may only be worn on Tuesdays and Thursdays. If there is truly a crisis, you may contact the school.

The school's code of conduct is very clear about the hair of boys and girls. Students must please adhere to these rules. It is only the governing body that can grant permission for a learner to deviate from this, and it will also be done in consultation with the parents and church leaders.

Many of our boys walk around in the street wearing hats and earrings after they leave school. This damages the image of the school. We would like every Bloemie to be proud of our beautiful school and school uniform.

We also ask that parents please inform us if any behavioural changes are observed in learners. It is important to follow up to

seker te maak dat elke leerder veilig is en dat leerders veilig by die skool voel.

Alle ouers moet asseblief seker maak dat u inligting en kontaknommers opgedateer is by die skool indien daar enige veranderinge plaasvind. Dit is partymaal baie moeilik om by ouers uit te kom indien daar 'n noodgeval by die skool is.

Kom ons neem hande en maak van Bloemies, 'n trotse instelling in ons mooi stad.

## KLEREDRAG REËLS KWARTAAL 3

Ons is TROTS op ons mooi skool uniform!

**GEEN MENG VAN AKADEMIESE- EN SPORTDRAG WORD TOEGELAAT NIE.**

**Maandag, Woensdag,Vrydag**
**FORMELE AKADEMIESE SKOOLDRAG**

DOGTERS :

- Jade rok / Navy Langbroek
- Langmou wit hemp
- Skooldas
- Grys knie kouse/ Navy sykouse
- Swart skoolskoene
- Trui
- Skoolbaadjie

SEUNS:

- Grys langbroek
- Langmou wit hemp
- Skooldas
- Grys kouse
- Swart skoolskoene
- Trui
- Skoolbaadjie

**Dinsdag , Donderdag**
**SPORTKLERE**

Seuns & Dogters

- Skoolsweetpak
- Skool sporthemp
- Tekkies
- Wit kouse

**GEEN "HOODIES" OF "BEANIES" WORD TOEGELAAT NIE**

ensure that every learner is safe and feels safe at school.

All parents are kindly requested to ensure that your information and contact numbers are updated at the school in case any changes occur. It is sometimes very difficult to reach parents in the event of an emergency at the school.

Let's join hands and make Bloemies a proud institution in our beautiful city.

## CLOTHING RULES TERM 3

We are PROUD of our beautiful school uniform!

**NO MIXING OF ACADEMIC AND SPORTS CLOTHES ARE ALLOWED.**

**Monday, Wednesday, Friday**
**FORMAL ACADEMIC UNIFORM**

GIRLS:

- Jade dress / Navy pants
- Long sleeve white shirt
- School tie
- Grey bobby socks/ Navy pantyhose
- Black school shoes
- Jersey
- School Blazer

BOYS:

- Grey long pants
- White long-sleeve shirt
- School tie
- Grey socks
- Black school shoes
- Jersey
- School Blazer

**TUESDAY , THURSDAY**
**SPORTS CLOTHES**

Girls & Boys

- School tracksuit
- School sport shirt
- Tekkies
- White socks

**NO "HOODIES" OR "BEANIES" ARE ALLOWED**

| | |
|---|---|
| Al hierdie inligting is vervat in die skool se gedragskode. Ons vra ouers om seker te maak dat leerders in lyn kom met die gedragskode en daarvolgens aantrek. | All this information is contained in our school code of conduct. We ask parents to ensure that the learners are dressed correctly according to the school's code of conduct. |
| **Gemeenskap**<br><br>"Lawwe Kouse en Hare Dag!"<br><br>Baie dankie aan almal wat deelgeneem en ons Skoolkoswinkel ondersteun het. Julle kreatiwiteit, entoesiasme en vrygewigheid het van die dag 'n groot sukses gemaak. Saam maak ons 'n verskil—een kleurvolle sokkie en mal haarstyl op 'n slag! | **Community**<br><br>Funky Socks & Crazy Hair Day!<br><br>A big thank you to everyone who joined in the fun and supported our School Food Store. Your creativity, enthusiasm, and generosity made the day a great success. Together, we are making a difference—one colourful sock and crazy hairstyle at a time! |

















## JBS

# "Die toekoms behoort aan dié wat in die skoonheid van hul drome glo."

*'n Motiveringsboodskap vir die September-eksamen*

*Dit is 'n aanhaling waarin ek werklik glo.*

Jy kan slegs werklik suksesvol wees in iets waarvoor jy lief is. Jy hoef nie die beste te wees in wat jy doen om 'n verskil te maak nie — jy moet eenvoudig bereid wees om aan te hou en dit te doen.

Soos ons die komende September-eksamen nader, wil ek julle aanmoedig om altyd hierdie aanhaling te onthou.

Selfs al was julle Junie-uitslae nie wat julle gehoop het dit sou wees nie, onthou dat jy uit enige situasie kan opstaan. Jy kan jouself heeltemal herontdek. Niks is permanent nie, en jy is beslis nie vasgevang nie.

Jy het keuses. Jy kan nuwe gedagtes dink, nuwe gewoontes aanleer en ander besluite neem. Al wat saak maak, is dat jy vandag besluit om 'n verandering te maak en nooit terug te kyk nie.

**Glo in jouself. Glo in jou drome. Glo dat jy tot meer in staat is as wat jy dink. Jou vorige uitslae bepaal nie jou toekoms nie.**

**Ek glo in elkeen van julle.**

**Alles van die beste met julle September-eksamen!**

Nana Aba Essilfie Amoah

## JMT

# "The future belongs to those who believe in the beauty of their dreams."

*A Motivational Message for the September Exams*

*This is a quote I truly believe in.*

You can only become truly accomplished at something you love. You don't have to be the best at what you do to make an impact — you simply have to keep showing up and do it.

As we approach the upcoming September exams, I urge you all to always remember this quote.

Even if your June results were not what you had hoped for, remember that you can rise from anything. You can completely recreate yourself. Nothing is permanent, and you are definitely not stuck.

You have choices. You can think new thoughts, create new habits and make different decisions. All that matters is that you decide today to make a change and never look back.

**Believe in yourself. Believe in your dreams. Believe that you are capable of achieving more than you think. Your past results do not define your future.**

**I believe in each and every one of you.**

**All the best for your September exams!**

Nana Aba Essilfie Amoah

# Sport Uitslae/
# *Sport Results*

Rugby uitslae:
U/19

| **Datum/ *Date*** | **Telling/ *Score*** | **Teen wie/ *Opponent*** |
|---|---|---|
| Mei 2026 – U/19 | Wen/ *Win* 52 – 0 | Landbou Hendrik Potgieter |
| U/16 | Wen/ *Win* 52 – 0 | Landbou Hendrik Potgieter |
| u/15 Rugby | Verloor/ *Lost* 7 – 43 | HTS |
| | Verloor/ *Lost* 15 – 17 | Sand Du Plessis |

Netbal uitslae:
u/14 A

| **Datum/ *Date*** | **Telling/ *Score*** | **Teen wie/ *Opponent*** |
|---|---|---|
| 07 / 05 | Verloor/ *Lost* 11 – 23 | Jim Fouche |
| 12 / 05 | Verloor/ *Lost* 5 – 33 | Sentraal |
| 19 / 05 | Verloor/ *Lost* 4 – 33 | Oranje Meisiesskool |

u/14 B

| **Datum/ *Date*** | **Telling/ *Score*** | **Teen wie/ *Opponent*** |
|---|---|---|
| 07 / 05 | Verloor/ *Lost* 7 – 29 | Jim Fouche |
| 12 / 05 | Verloor/ *Lost* 1 – 32 | Sentraal |
| 19 / 05 | Verloor/ *Lost* 5 – 36 | Oranje Meisiesskool |

U/19 A

| **Datum/ *Date*** | **Telling/ *Score*** | **Teen wie/ *Opponent*** |
|---|---|---|
| 07 / 05 | Verloor/ *Lost* 24 – 42 | Jim Fouche |
| 12 / 05 | Verloor/ *Lost* 12 – 47 | Sentraal |
| 19 / 05 | Verloor/ *Lost* 12 – 47 | Oranje Meisiesskool |
| 21 / 05 | Verloor/ *Lost* 29 – 34 | Eunice |

U/19 B

| **Datum/ *Date*** | **Telling/ *Score*** | **Teen wie/ *Opponent*** |
|---|---|---|
| 07 / 05 | Verloor/ *Lost* 9 – 29 | Jim Fouche |
| 12 / 05 | Verloor/ *Lost* 4 – 38 | Sentraal |
| 19 / 05 | Verloor / *Lost* 12 – 35 | Oranje Meisiesskool |
| 21 / 05 | Wen/ *Win* 19 – 11 | Eunice |

U/15B

| **Datum/ *Date*** | **Telling/ *Score*** | **Teen wie/ *Opponent*** |
|---|---|---|
| 07 / 05 | Verloor/ *Lost* 7 – 30 | Jim Fouche |
| 12 / 05 | Verloor/ *Lost* 3 – 23 | Sentraal |
| 19 / 05 | Verloor/ *Lost* 3 – 33 | Oranje Meisiesskool |
| 21 / 05 | Verloor/ *Lost* 11 – 18 | Eunice |

U/15A

| **Datum/ *Date*** | **Telling/ *Score*** | **Teen wie/ *Opponent*** |
|---|---|---|
| 07 / 05 | Verloor/ *Lost* 10 - 20 | Jim Fouche |
| 12 / 05 | Verloor/ *Lost* 6 – 25 | Sentraal |
| 19 / 05 | Verloor/ *Lost* 8 – 42 | Oranje Meisiesskool |
| 21 / 05 | Wen/ Win 16 – 12 | Eunice |

Netbal
U/16 A

| **Datum/ *Date*** | **Telling/ *Score*** | **Teen wie/ *Opponent*** |
|---|---|---|
| 07 / 05 | Verloor/ *Lost* 1 – 37 | Jim Fouche |
| 12 / 05 | Verloor/ *Lost* 3 – 33 | Sentraal |
| 19 / 05 | Verloor/ *Lost* 8 – 39 | Oranje Meisiesskool |
| 21 / 05 | Verloor/ *Lost* 3 – 29 | Eunice |

U/17 A

| **Datum/ *Date*** | **Telling/ *Score*** | **Teen wie/ *Opponent*** |
|---|---|---|
| 07 / 05 | Verloor/ *Lost* 0 – 37 | Jim Fouche |
| 12 / 05 | Verloor/ *Lost* 4 – 42 | Sentraal |
| 19 / 05 | Verloor/ *Lost* 3 – 50 | Oranje Meisiesskool |
| 21 /05 | Verloor/ *Lost* 2 - 36 | Eunice |

U/19A Rugby
Bloemies 57-0 Zastron
Bloemies wen teen Steyners (Steyners verbeur die wedstryd)

U/19A Sokker
Bloemies VS Vista Academy: Bloemies wen/ *win* 1 – 0

Hokkie:
U/14 Meisies/ G*irls*
BFN VS JF: 0 – 0
BFN VS Sentraal: 1 -1

U/16 Meisies/ *Girls*
BFN VS JF: 1 – 1
BFN VS EHS: verloor/ *lost* 0 – 4
BFN VS Dr. Viljoen: 0 – 0

U/18 Meisies/ *Girls*
BFN VS Sentraal: verloor/ *lost* 0 -2
BFN VS OMS: verloor/ *lost* 0 – 5
BFN VS Zastron: verloor/ *lost* 0 -1
BFN VS Brebner: verloor/ *lost* 0 – 5

U/18 Seuns/ *Boys*
BFN VS Brebner: 0 – 0 Friendly

# SGB Message

**Dear Parents, Guardians, Learners, Teachers, and Staff of Bloemfontein High School,**

Welcome back to the third term! We hope everyone had a safe, restful, and enjoyable holiday. As we begin this important term, we are excited to continue working together towards academic excellence, personal growth, and success.

The third term is a significant period in the school calendar. Learners are encouraged to remain focused, attend all classes regularly, complete assignments on time, and prepare diligently for upcoming assessments and examinations. Consistent effort and a positive attitude will go a long way.

Parents and guardians, thank you for your continued support and partnership. Your involvement in your child's education—through encouragement, monitoring progress, and maintaining communication with the school—is invaluable.

We also acknowledge and appreciate the dedication of our Principal, Deputy Principals, teachers, and support staff, whose commitment continues to inspire and guide our learners every day.

**Important Reminders to Learners:**

- **Punctuality:** Attend school every day and arrive on time.
- **Presentation & Discipline:** Wear the correct uniform and maintain high standards of discipline.
- **Academics:** Complete all homework, projects, and assessment tasks by the due dates.
- **Respect:** Respect fellow learners, teachers, and school property.
- **Participation:** Take part in academic, sporting, cultural, and leadership activities.

Together, let us make this term one of hard work, resilience, and achievement. We wish all our learners—especially our Grade 12s—every success, and we look forward to celebrating many accomplishments throughout the term.

*"Success comes through dedication, perseverance, and a willingness to learn."*

Always remember that Christ is your helper, your provider, and your strength for every moment. With Him, nothing is impossible.

*"I can do all things through Christ who strengthens me."* — **Philippians 4:13**

I wish everyone a productive and successful term.

**Kind regards,**

**Mrs C. Langeveldt**

*(SGB Chair)*

## AUGUSTUS/ *AUGUST* 2026

| MAANDAG/ *MONDAY* | DINSDAG/ *TUESDAY* | WOENSDAG/ *WEDNESDAY* | DONDERDAG/ *THURSDAY* | VRYDAG/ *FRIDAY* | SATERDAG/ *SATERDAY* | SONDAG/ *SUNDAY* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | **1** | **2** |
| **3** | **4** | **5** | **6** | **7**<br>JIK Bybel vasvrae/<br>*JIK Bible quiz*   | **8**<br>Rugby vs Brandfort  | **9**<br>**Vrouedag/**<br>***Woman's day***  |
| **10**<br>**Publieke Vakansiedag/**<br>***Public Holiday*** | **11** | **12** | **13**<br>Golfdag/ *Gholf day*  | **14**<br>Kultuuraand/<br>*Culture Evening*  | **15**<br>RUGBY FINALE/<br>*FINALS*  | **16** |
| **17** | **18** | **19**<br>Gr.12 Voorbereidende eksamen begin/<br>*Gr.12 Trial examination starts*  | **20** | **21**<br>Funday  | **22** | **23** |
| **24** | **25** | **26** | **27** | **28** | **29**<br>Rugby Sewe's rugby toernooi/<br>*Seven's rugby tournament U/17 @ SDP*  | **30** |
| **31**<br>Gr.8 2027 Aansoeke sluit/<br>*Application closes*  | | | | | | |

Hoërskool BLOEMFONTEIN High School

# EKSAMENROOSTER / EXAM TIMETABLE
## SEPTEMBER 2026

| DATUM | GR 12 | |
|---|---|---|
| | 09:00 | 14:00 |
| WOE/WED 19 / 08 | TOER / TOUR SBA 1½h | **ENG HL P3 3h ENG FAL P3 2½h** |
| DO/THU 20 / 08 | | **AFR HT V3 3h** AFR EAT V3 2½h |
| VRY/FRI 21 / 08 | | |
| MA/MON 24 / 08 | **VERB. STUD / CONS. STUD 3h** | |
| DI/TUE 25 / 08 | **ENG HL P1 2h ENG FAL P1 2h** | |
| WOE/WED 26 / 08 | **RTT V1 / CAT P1 3h** | |
| DO/THU 27 / 08 | **IGO V1 / EGD P1 3h** | **GESK V1 / HIST P1 3h** |
| VRY/FRI 28 / 08 | **REK V1 / ACC P1 2h** | |
| MA/MON 31 / 08 | **REK V2 / ACC P2 2h** | |
| DI/TUE 01 / 09 | **LO 2½h** | |
| WOE/WED 02 / 09 | **IGO V2 / EGD P2 3h** | **GESK V2 / HIST P2 3h** |
| DO/THU 03 / 09 | BES. STUD V1 / BUS. STUD P1 2h | |
| VRY/FRI 04 / 09 | **WISK V1 / MATH P1 3h WISK GEL V1 / MATH LIT P1 3h** | |
| MA/MON 07 / 09 | **WISK V2 / MATH P2 3h WISK GEL V2 / MATH LIT P2 3h** | |
| DI/TUE 08 / 09 | **TOER / TOUR 3h** BES. STUD V2 / BUS. STUD P2 2h | |
| WOE/WED 09 / 09 | AFR EAT V2 2½h | **AFR HT V2 2½h** |
| DO/THU 10 / 09 | **GEOGR. V1 / GEO P1 3h** | |
| VRY/FRI 11 / 09 | **FISIESE WET. V1 / PHYS. SC. P1 3h** | |
| MA/MON 14 / 09 | **FISIESE WET. V2 / PHYS. SC. P2 3h** | |
| DI/TUE 15 / 09 | **AFR HT V1 2h** AFR EAT V1 2h | |
| WOE/WED 16 / 09 | **GEOGR. V2 / GEO P2 3h** | |
| DO/THU 17 / 09 | **ENG HL P2 2½h ENG FAL P2 2½h** | |
| VRY/FRI 18 / 09 | **LEW. WET V1 / LIFE SC. P1 2½h** | **RTT V2 / CAT P2 3h** |
| MA/MON 21 / 09 | **LEW. WET V2 / LIFE SC. P2 2½h** | |
| DI/TUE 22 / 09 | | |
| WOE/WED 23 / 09 | **SKOLE SLUIT** | |

*"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."*
*–Filippense 4:13*
*"I can do all things through Christ who strengthens me."*
*–Philippians 4:13*

# Advertensies/ *Advertisements:*

Adverteer by ons/ *Advertise with us*

https://drive.google.com/file/d/181ASkvRrmr-r-L3ij2rf-qdsW9C7fVgT/view?usp=drive_link

Mahlale

https://drive.google.com/file/d/1obcwtlq7nNUkWYcgE1lDf-Cyatu22ci1/view?usp=drive_link

Bagel

https://drive.google.com/file/d/1dU7c0bX3Q5sawQC_zTGEqSNEedPtLfpy/view?usp=drive_link

South African Cake Decorators Guild

https://drive.google.com/file/d/1BYy8Bn3ciTepih2BypTYC5GxudKlNOql/view?usp=drive_link

Marco's Math Classes

https://drive.google.com/file/d/1glR8lNX4eGNSiZi0OB7YMjxXt1icaU3P/view?usp=drive_link

Monyetla

https://drive.google.com/file/d/1GvE912qh0UR-YudYwpUY1JnIl_rA41Dq/view?usp=drive_link